
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

**JUNIE 2025**

# BESIGHEIDSTUDIES V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   LET WEL dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Werkers voel bemagtig aangesien hulle by besluitneming betrokke is. Dit staan as die … leierskapstyl bekend.

A charismatiese
B outokratiese
C laissez-faire
D demokratiese

1.1.2 Abraham sal ŉ voorafbepaalde bedrag ontvang vir sy belegging in ŉ … as ŉ tipe beleggingsgeleentheid wanneer hy ŉ sekere ouderdom bereik.

A vaste deposito
B stokvel
C aftree-annuïteit
D bestuurde portefeulje

1.1.3 Die werkgewer en werknemer dra elkeen 1% van die werknemer se basiese lone tot die … by.

A Vergoedingsfonds
B Werkloosheidsversekeringsfonds
C Padongelukke-voordeleskema
D Regeringsversekeringsfonds

1.1.4 Siya Handelaars het valse opgawes by die SAID ingedien. Dit staan as … bekend, ŉ tipe onetiese sakepraktyk.

A belastingontduiking
B ongemagtigde gebruik van fondse
C belastingvermyding
D onbillike advertering

1.1.5 Die grieweprosedure vereis dat ŉ gegriefde werknemer eers die saak by die … moet aanmeld.

A bestuur
B arbeidshof
C vakbond
D toesighouer (5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Delphi-tegniek; situasionele; kommunikasie; onprofessionele; bybetaling; kragveld-ontleding; onetiese; samewerking; transformasie-; herinbesitstelling |

1.2.1 Die gedeelte van ŉ versekeringseis wat Omega Handelaars moet betaal wanneer die besigheid ŉ eis indien, staan as ... bekend.

1.2.2 Kusile Handelaars het die … leierskapsteorie geïmplementeer aangesien die besigheid in ŉ dinamiese omgewing funksioneer wat gekenmerk word deur konstante verandering.

1.2.3 ŉ Besigheid het die … gebruik toe hulle ŉ paneel kundiges versoek het om ŉ stel vraelyste te voltooi om ŉ komplekse probleem op te los.

1.2.4 Wanneer spanlede instem om aan ŉ gemeenskaplike doel te werk, staan dit as ... bekend, ŉ kriteria vir suksesvolle spanprestasie.

1.2.5 Alpha Handelaars gebruik ŉ kliënt se persoonlike inligting vir persoonlike gewin. Dit staan as ŉ voorbeeld van … sakepraktyk bekend.

(5 x 2) (10)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Likiditeit | A verwys na ŉ ooreenkoms met die versekeraar om finansieel te vergoed vir risiko's soos skade of verlies van eiendom |
| 1.3.2 Assuransie | B ontwikkel gereelde kommunikasie tussen bestuur en belanghebbendes |
| 1.3.3 Nominale groeptegniek | C luister na hulle, maar stem nie met hulle saam nie |
| 1.3.4 Verantwoordelikheid | D beskryf die eskalasie in die waarde wat na ŉ periode van tyd die belegging waardeloos maak |
| 1.3.5 Klaer | E versoek elke werknemer om stilweg idees op sy/haar eie te genereer voordat dit met die groep gedeel word |
| | F luister na hulle, maar moet hulle nie erken nie |
| | G ontwikkel en implementeer programme wat daarop gemik is om gemeenskappe te beskerm |
| | H verwys na ŉ ooreenkoms met ŉ versekeraar om finansieel vir beserings of lewensverlies te vergoed |
| | I versoek werknemers om die dryf- en remkragte op te weeg voordat verandering geimplementeer word |
| | J beskryf die spoed waarteen beleggers ŉ belegging in kontant kan omskakel |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan.
Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ʼn NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ʼn NUWE bladsy, VRAAG 3 op ʼn NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee enige VIER voorbeelde van versekerbare risiko's. (4)

2.2 Beskryf kortliks die voordele van versekering vir besighede. (6)

2.3 Identifiseer die leierskapstyl wat deur Nomsa gebruik word om haar werknemers te bestuur in ELK van die stellings hieronder:

2.3.1 Nomsa is energiek en ʼn spesialis om die visie te verkoop om uitstekende resultate te behaal (2)

2.3.2 Sy motiveer en beloon werknemers vir die bereiking van hul verkoopsteikens (2)

2.4 Verduidelik die leiers en volgelinge leierskapsteorie. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**STONEY BEPERK (SB)**

Stoney Beperk bied verskillende soorte voorkeuraandele aan aandeelhouers. Sommige aandeelhouers het aandele gekoop wat hulle in staat sal stel om hul oorspronklike belegging en onbetaalde dividende tydens likwidasie terug te kry. Ander het aandele gekies wat hulle nie sal toelaat om vorige dividende te ontvang nie.

Identifiseer TWEE soorte voorkeuraandele wat deur SB aangebied word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ʼn RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

| SOORTE VOORKEURAANDELE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.6 Bespreek die volgende beginsels van versekering:

2.6.1 Uiterste goeie trou (4)

2.6.2 Versekerbare belang (4)

2.7 Gee besighede raad oor die rolle van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige DRIE praktiese voorbeelde van professionele gedrag in die werkplek. (3)

3.2 Beskryf kortliks die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AMANDA VERWE (AV)**

Amanda Verwe ervaar ŉ groot aanvraag na hul verf en sukkel om hul produksietempo te verhoog. AV het hul werknemers versoek om voorstelle lukraak hardop in ŉ groot groep te maak om hul probleem op te los.

3.3.1 Identifiseer EEN probleemoplossingstegniek wat deur AV in die scenario hierbo gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Bespreek die impak van die probleemoplossingstegniek geïdentifiseer in VRAAG 3.3.1. (6)

3.4 Verduidelik die verskil tussen *etiese* en *professionele gedrag*. (4)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WESTERSE MYNE (WM)**

Westerse Myne spesialiseer in die verwerking van steenkool. Jacob en Sipho werk albei in die aankoopafdeling, maar is dikwels in konflik met mekaar. Die bestuur het ŉ vergadering tussen Jacob en Sipho gereël. Hulle gee beide werknemers die geleentheid om hul menings te gee.

3.5.1 Haal TWEE stappe in konflikhantering uit die scenario hierbo aan. (2)

3.5.2 Bespreek ander stappe in konflikhantering in die werkplek. (4)

3.6 Verduidelik hoe besighede *deursigtigheid* as ŉ King-kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om etiese sakepraktyke te verbeter. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede moeilike werknemers in die werkplek kan hanteer. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER soorte voordele wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds uitbetaal word. (4)

4.2 Beskryf kortliks die voordele van die outokratiese leierskapstyl. (6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **RONNY PAKSTORE (RP)**
>
> Ronny Pakstore het hul besigheidseiendom vir R500 000 verseker terwyl die werklike waarde R800 000 is. Vloede het ŉ deel van die eiendom vernietig en skade was op R300 000 geraam.

4.3.1 Noem die versekeringsklousule wat in die scenario hierbo op RP van toepassing is. (2)

4.3.2 Bereken die bedrag wat RP as vergoeding van die versekeraar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.4 Gee besighede raad oor die verskil tussen *bestuur* en *leierskap*. (4)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem enige VIER probleemoplossingstappe. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **VINNIGE VERVOER (VV)**
>
> Vinnige Vervoer bied ŉ verskeidenheid afleweringsdienste aan. VV het valse stellings op hul pamflette gebruik om verbruikers aan te moedig om van hul dienste gebruik te maak. Die bestuur moet maniere vind om hierdie tipe onetiese sakepraktyk te hanteer.

4.6.1 Identifiseer die tipe onetiese sakepraktyk wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

4.6.2 Verduidelik maniere waarop VV die tipe onetiese sakepraktyk wat in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer is, kan hanteer. (4)

4.7 Bespreek maniere waarop besighede ŉ omgewing wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder, kan skep. (6)

4.8 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk deur besighede uitgevoer behoort te word. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy OF VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

| |
|---|
| Besighede belê in ŉ verskeidenheid aandele, insluitend voorkeuraandele vir toekomstige groei. Hulle neem verskeie faktore in ag wanneer hulle beleggingsbesluite neem om die beste opsie te kies voordat hulle hul surplusfondse in ŉ vaste deposito belê. Besighede moet grondige kennis van die funksies van die Johannesburg Sekuriteitebeurs (JSE) hê. |

Skryf ŉ opstel oor beleggingsekuriteite waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die regte van voorkeuraandeelhouers.
- Verduidelik die volgende faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word:
  - Opbrengs op Belegging (OOB)
  - Beleggingstermyn/tydperk
- Bespreek die impak van vaste deposito's as ŉ beleggingsvorm.
- Gee besighede raad oor die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (BEOORDELING VAN SPANPRESTASIE EN KONFLIKBESTUUR)

| |
|---|
| Bestuur moet verseker dat sekere kenmerke in hul spanne teenwoordig is sodat hulle suksesvol kan wees. Spanwerk kan soms konflik veroorsaak aangesien spanne deur die verskillende stadiums van spanontwikkeling beweeg. Bestuur moet ŉ duidelike onderskeid tussen konflik en griewe in die werkplek hê. |

Skryf ŉ opstel oor beoordeling van spanprestasie en konflikbestuur waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die kenmerke van suksesvolle spanprestasie.
- Verduidelik die oorsake van konflik in die werkplek.
- Bespreek die volgende stadiums van spanontwikkeling:
  - Stel van norme
  - Werksverrigting
- Gee besighede raad oor die verskille tussen *griewe* en *konflik*. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African